**International General Certificate of Secondary Education**
**UNIVERSITY OF CAMBRIDGE LOCAL EXAMINATIONS SYNDICATE**
**in collaboration with**
**MINISTRY OF BASIC EDUCATION, SPORT AND CULTURE, NAMIBIA**

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS 0512/1, 0557/1

PAPER 1 Reading and Directed Writing

**OCTOBER/NOVEMBER SESSION 2002**

2 hours

Additional materials
Answer paper

**TIME** 2 hours

## INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

Write your name, Centre number and candidate number in the spaces provided on the answer paper/ answer booklet.

Answer **all** questions.

Write your answers on the separate answer paper provided.

If you use more than one sheet of paper, fasten the sheets together.

## INFORMATION FOR CANDIDATES

The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.

**TYD** 2 uur

## INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

Skryf jou naam, sentrumnommer en kandidaatnommer in die ruimtes voorsien op die afsonderlike antwoordblad/antwoordboek.

Beantwoord **alle** vrae.

Skryf al jou antwoorde in die afsonderlike antwoordboek wat aan jou voorsien is.

Indien jy meer as een bladsy gebruik, bind hulle aan mekaar vas.

## INLIGTING VIR KANDIDATE

Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

Versorging van taalgebruik en formulering sal in jou guns tel.

**This question paper consists of 8 printed pages.**

SJF2240 S21705/3
© MBESC Namibia 2002

**Afdeling 1**

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

# BEKKIG OOR BREKFIS

Bill Flynn is druk besig. Hy maak e-tv se kykers soggens aan die lag op *The Toasty Show*, is later vanjaar op televisie te sien in *The Carruthers Brothers* en werk boonop aan 'n nuwe CD en rolprent. Maar veral die vertolking van die tragiese held Willy Loman in *Death of a Salesman* is 'n baken in sy loopbaan en 'n manier om hulde te bring aan 'n stuk persoonlike geskiedenis. **SONJA LOOTS** het met hom gesels.

**As jy die grapjas op sy baadjie takseer, glip die lem uit: 'Ek is in die eerste plek 'n akteur, wat ook komedierolle vertolk.'**

"MY oompie het altyd gelag en *jokes* gemaak en *gesmile*." Vir Bill Flynn, wat die registers van humor verstaan, is dié drie dinge nie dieselfde nie. Hy praat oor "lag" en "*smile*" en "*jokes* maak" soos 'n Eskimo oor sneeu. Aan die woord is 'n connoisseur van humor. Maar moenie 'n fout maak nie - as jy die grapjas op sy baadjie takseer, glip die lem uit: "Ek is in die eerste plek 'n akteur, wat ook komedierolle vertolk," frons hy. "Wanneer ek by 'n vertrek instap, begin die mense *smile*. Hulle dink Aah, hier's Bill Flynn, nou gaan daar iets gebeur. Maar die meeste van die tyd gebeur daar niks, want ek's 'n stil ou."

Dis die einde van *The Toasty Show* en Flynn sit gehawend by die melamien-kombuistafeltjie in een van die twee skakelhuise in Balfourpark, Johannesburg, waar e-tv se aweregse ontbytprogram opgeneem word.

Hy was pas twee uur lank regstreeks op die lug en moes met vlymskerp tydsberekening en improvisasie (die draaiboek is net 'n riglyn) die rol vertolk van die eksentrieke Vic Little.

Die *Toasty Show* kry reg van die begin af verpletterende kritiek. Die radio-platjie Jeremy Mansfield sê byvoorbeeld: "Ons het genoeg werklose akteurs. Kyk vir Bill Flynn. Waarom anders sal hy *The Toasty Show* doen?"

Wanneer ek Bill hieroor uitvra, kom ek agter dis nie nou die tyd om grappies met hom te maak nie. "Ek gee nie om wat Mansfield sê nie. Ek sal net ontsteld wees as hulle ons betaalstrokies omruil," blaf hy. Hy speel ewe kortaf klaar met my ander vrae, maar nou ja: Enigiemand se sin vir humor skaaf maar dun wanneer hulle drie-uur soggens uit die vere moet wees.

Hy probeer deesdae om op die aand voor 'n opname agtuur bed toe te gaan, sê Bill. Sulke tye doen hy sy reputasie vir harde partytjies nie gestand nie.

Mansfield is buitendien verkeerd. Sedert Janice Honeyman en Athol Fugard hom 'n rol gegee het in wat tot vandag allerweë beskou word as die seminale produksie van Fugard se *Hello and Goodbye*, was Bill nog selde ledig. Daarvan getuig die feit dat hy 140 verhoogstukke, 38 rolprente, 7 CD's, verskeie musiekblyspele op die verhoog, dosyne televisiereekse en duisende oorklankings vir radio en televisie op sy kerfstok het. Onder sy rits nominasies en toekennings is daar onder meer die Dublin Critics- en Vita Filmtoekenning vir beste draaiboek wat hy saam met Paul Slabolepszy gewen het vir *Saturday Night at the Palace*.

Vanjaar is daar die ontbytprogram en sal TV-kykers hom ook saam met Tim Plewman in die komediereeks *The Carruthers Brothers* sien. Boonop wag daar nog 'n CD soortgelyk aan sy baie gewilde *Gooi my 'n Tenoor* en wil hy 'n rolprentdraaiboek skryf waarin hy ook sal speel en waarvan hy die regie wil doen.

Hy is reeds besig met onderhandelings om 'n "groot Amerikaanse naam" soos Wesley Snipes of Laurence Fishburn te kry om daarin te speel (en Eddie Murphy gaan hopelik 'n klein rol vertolk). Tussendeur hou hy ook nog Johannesburgers aan die rock by die nagklub Fat Arnies in Kyalami. Sy musiekgroep Vinnie & the Viscounts bestaan

al tien jaar en in 1998 het hy ook The Rock Rebels saam met Bobby Louw en PJ Powers begin.

Maar dit is veral die produksie van Arthur Miller se *Death of a Salesman* volgende maand by Standard Bank Nasionale Kunstefees in Grahamstad en daarna in die Staatsteater in Pretoria wat hom na aan die hart lê. Hy wag al 25 jaar om die rol van die tragiese held Willy Loman te vertolk, sê Bill. Die instudering het eintlik al jare gelede begin toe hy as jong seun van so tien, twaalf, in sy skoolvakansies op die platteland rondgereis het saam met sy oom, Tommy Morley, 'n reisende speelgoedverkoopsman. Dit was 'n ander wêreld vir die seun van ouers wat albei as tegniese ingenieurs vir Armscor gewerk het.

Hy wil Loman se verknorsing vertolk met behulp van indrukke wat hy van daardie reise oorgehou het. "Ek onthou hoe hy iets anders geword het as hy iewers instap met sy ware. Dan het al die *catch phrases* uitgekom. Hy was onder druk, hy moes verkoop. En ek onthou die uitdrukking op sy gesig wanneer dit sleg gegaan het, ek onthou sy hangskouers. Ek gaan dit gebruik op die verhoog. En die moegheid. Hy't honderde kilometers in 'n week afgelê, *on the road* ... En as dit sleg gegaan het, moes hy *cover*. Dan het hy gesing en grappies vertel."

Dié broer van sy ma, sê Bill, was die enigste in sy familie wat kon sing. "En hy was 'n *great ballroom dancer.*"

Ek haal my gunstelingreëls uit die stuk aan. Dit is Charley wat van sy pa sê: "He is a man way out there in the blue, riding on a smile and a shoeshine. When they start not smiling back - that's an earthquake." Ek vra of Bill ook die dag vrees dat die gehore, die TV-kykers en rolprentgangers ophou om terug te glimlag. Mense in die uitvoerende kunste verkoop hulself, sê Bill. "Die voordeel daarvan is dat 'n mens jouself kan wees. As ek op *The Toasty Show* vir Vic Little vertolk, hou ek dit naby aan die werklikheid. Iemand het een keer gesê as jy moet jok, moet jy dit so naby moontlik aan die waarheid hou. Maar ja, dit is *a earthquake* as die mense ophou *smile*."

En dan is ons terug by sy oom. "Ek onthou die dag dat daai *smiles* vir hom opgehou het. Hy is afgedank. Of liewer, *they took him off the road.* Hy moes ná al die jare op die pad in die fabriek in die stad gaan werk. Tussen daai mure. En hy is oorgeplaas van speelgoed na ingelegde vrugte."

Met die vertolking van Willy Loman voltooi Bill 'n sirkel wat jare gelede begin het toe hy die rol van Charley aangepak het. Vanjaar is hy nie meer die seun nie, maar die pa. Dit is 'n belangrike baken in sy loopbaan, maar daar lê nog lang jare *on the road* voor. Hy moet nog "die *ultimate* Suid-Afrikaanse *movie* maak", miskien een wat gegrond is op die boeke van Tom Sharpe ... En tussendeur hopelik lag én *jokes* maak én *smile*.

*Insig, Julie 2000*

Vir die beantwoording van vrae **1**-**6** moet jy slegs die letter **A**, **B**, **C** of **D** neerskryf om aan te toon watter antwoord die beste pas.

**1** Die woord “connoisseur” beteken, dis ‘n persoon wat ‘n

**A** onkundige op die gebied van kuns is.

**B** kundige van sportgebeure is.

**C** onkundige op die gebied van kos is.

**D** kenner van kuns en kos is. [1]

**2** Die idioom “op sy baadjie takseer” beteken om iemand volgens sy

**A** grappies te beoordeel.

**B** ingesteldhede te beoordeel.

**C** handelinge te beoordeel.

**D** uiterlike te beoordeel. [1]

**3** Wanneer jy iets improviseer, doen jy iets

**A** met deeglike voorbereiding.

**B** sonder enige voorbereiding.

**C** deur dit deeglik na te vors.

**D** deur dit by iemand na te boots. [1]

**4** Watter persoon in die vermaaklikheidswêreld het die stelling gemaak dat Bill Flynn meestal werkloos is?

**A** P Slabolepszy

**B** T Morley

**C** J Mansfield

**D** T Plewman [1]

**5** Vir watter produksie is die Vita Film-toekenning aan Bill Flynn en sy vennoot gemaak?

**A** Saturday Night at the Palace.

**B** Hello and Goodbye.

**C** Death of a Salesman.

**D** The Carruthers Brothers. [1]

**6** Bill Flynn se oom se naam was

**A** Willy Loman

**B** Tom Morley

**C** Athol Fugard

**D** Arthur Miller [1]

**7** Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende stelling impliseer:

"Sulke tye doen hy sy reputasie vir harde partytjies nie gestand nie." [2]

**8** Watter produksie het gesorg dat Bill Flynn nooit juis ledig was nie? [1]

**9** Noem enige 4 aktiwiteite waarmee Bill Flynn hom tans mee besig hou. [4]

**10** Watter indrukke van sy oom, op hulle reise om goed te verkoop, wil Bill Flynn in sy vertolking in Death of a Salesman inbou? (Moenie meer as 50 woorde gebruik nie.) [5]

**11** Aan watter goue reëls glo Bill Flynn om sy rol as uitvoerende kunstenaar uit te leef? [2]

**Afdeling 2**

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

# AFGEDANK: WAT NOU?

## Hoe om weer jou voete te vind

SES maande gelede is Louw du Toit afgelê. Hy was een van sowat twintig middelbestuurders wat ná die rasionalisasie van ‘n bekende onderneming oorbodig verklaar is. Vier maande ná die aflegging is hy in ‘n pos by ‘n ander organisasie aangestel.

"Aflegging" word wel deur die arbeidsmark effens meer gunstig as "afdanking" bejeën.

Maar wanneer ‘n mens "afgelê" word, is daar geen waarneembare graadverskil tussen "aflê" en "afdank" in die ontreddering wat jy beleef nie, sê mnr. Karel Hendriks, ‘n ander bekende in finansiële kringe wat verkies om anoniem te bly.

Tientalle afgedanktes het in die laaste weke van dié gevoel van ontreddering getuig:

"Eers kom daar die aankondiging van rasionalisering in die maatskappy waarvoor jy werk. Onmiddellik is daar ‘n gevoel van onsekerheid oor wat met jou pos kan gebeur. Dié onsekerheid kan weke lank duur. Intussen speel jou gevoel wipplank. Een oomblik is jy seker dat daar in die nuwe organisasie vir jou plek sal wees, en die volgende verwag jy die ergste. Wanneer die aankondiging eindelik kom, is dit nogtans ‘n wrede ontnugtering.

‘n Mens is nou in die stadium van jou loopbaan en op dié ouderdom dat jy gevestig is. Skielik is daar van jou loopbaanbeplanning oor jare niks oor nie," volgens mnr. Du Toit.

Om te verhinder dat bedruktheid en selfs selfmoordgedagtes by ‘n afgelegde posvat, is vinnige optrede volgens diegene wat daardeur is, noodsaaklik.

Vir eers is dit ‘n onderskraging om te weet dat jy nie alleen afgelê is nie. Aanvanklik is dit ‘n verligting om half-sinies en skertsend teenoor kollegas in dieselfde bootjie na die gebeurde te verwys. Mnr. Hendriks sê sy eerste verantwoordelikheidsgevoel was teenoor sy ondergeskiktes wat saam met hom afgelê is en sy besorgdheid oor hulle het sy aandag aanvanklik van sy eie dilemma afgetrek.

Dié gevoel van samehorigheid kan ‘n waardevolle ondersteuningsgroep tot stand bring. Karel en sy kollegas het die oggend ná die aflegging afgespreek om mekaar by ‘n eetplek te ontmoet vir ontbyt. Sodoende is elkeen verplig om hom daardie oggend netjies te klee, asof hy gaan werk. Elkeen het iets bepaalds gehad om te doen en het nie in die versoeking gekom om tot elfuur die oggend in kamerjas en pantoffels deur die huis te dwaal nie.

Een van die mees traumatiese take wat vir ‘n afgelegde voorlê ná hy die nuus verneem het, is om die nuus aan sy gesin, familie en vriende oor te dra. Die eggenote van een afgelegde sê sy het haar op baie rampe voorberei, soos die moontlike dood van haar man en ouers, die siekte van ‘n kind, ‘n huis wat kan afbrand, gesteelde besittings. Maar nooit vir die uitwerking van werkloosheid op ‘n gesin nie.

Daarom is die eerste stap na aflegging op die pad na ‘n nuwe lewe die samestelling van ‘n ondersteuningsgroep. Vir sommiges bestaan die groep uit mense in dieselfde omstandighede. Vir ander uit mense in dieselfde kerk en vir ander ‘n groep vriende. Talle afgelegdes getuig daarvan dat hul ondervinding minder traumaties was danksy hul geloof en dat daar inderdaad ‘n verdieping in hul geestelike lewe gekom het. Daarbenewens het betrokkenheid by die gemeenskap en kerk vir minstens twee top uitvoerende hoofde die netwerk gebied om binne vier maande in top poste aangestel te word.

Naas die ondersteuningsgroep is ‘n afgelegde se tweede prioriteit om in die eerste paar dae of weke besig te bly. Gedagtes van nutteloosheid en radeloosheid dreig om ‘n mens te oorval wat twintig jaar lank gewoond was daaraan om soggens ligdag op kantoor te wees en ná ‘n bedrywige tien uur donker tuis te kom, met ‘n aktetas vol werk.

Die volgende stap wat ‘n afgelegde moet doen, is om ‘n finansiële plan vir die volgende ses maande op te trek. Drie scenario's is moontlik: ‘n Afgelegde amptenaar kan in ‘n pos by ‘n ander maatskappy aangestel word voor die een tot vier maande wat deur sy finansiële pakket gedek word, verstryk; hy kan in ‘n afgeskaalde pos aangestel word wat hom verplig

om sy lewenspeil by 'n laer inkomste aan te pas; of hy kan geen werk vind nie.

Afgelegdes se raad is om eers met personeelkonsultante in aanraking te kom om te bepaal wat die behoefte van die arbeidsmark aan bepaalde vaardighede en ervaring is. Verneem hoeveel maande dit in die huidige omstandighede kan duur voor nuwe geleenthede hom kan voordoen en tel dan nog drie maande daarby. Die vraag is dadelik of 'n mens so lank jou finansiële verpligtinge kan nakom.

'n Vinnige bestekopname van verpligtinge soos verbandpaaiemente, versekeringspolisse, annuïteite, motorbetalings, huishoudelike uitgawes wat kos, klere en die salarisse van huishulpe en die tuinier insluit, bring gou die werklikheid tuis dat min broodwinners langer as ses maande sonder 'n inkomste kan leef.

Daar is meningsverskil by die afgelegdes met wie F&T gepraat het oor hoe gou 'n gesin uitgawes moet begin besnoei. Een mening is dat normaliteit sover moontlik behou moet word, maar uitgawes moet tot die basiese noodsaaklikhede beperk word.

Die geskiedenis van iemand wat afgelê is, kan 'n treurige einde hê, maar almal met wie F&T in aanraking was, getuig daarvan dat die ondervinding hulle sterker en dikwels meer gelowige mense gemaak het. Mnr. Du Toit sê elke pos het negatiewe aspekte, maar ná sy aflegging is hy weer eens diep bewus van die voorreg wat 'n mens het om te kan werk en minimiseer hy die minder aangename aspekte van sy huidige pos.

Van die afgelegdes het drie reeds hul eie ondernemings begin, twee baie onlangs. Die uitdaging om vir eie rekening te werk en die verwagting dat die gehalte van hul gesinslewe sal verbeter danksy betrokkenheid van vrou en kind, vind hulle meer bevredigend as bevordering in die verlede.

Vir 'n eggenote, kinders, vriende en familie is daar ook veel te leer uit die ondervinding. Daar moet 'n verstandhouding wees dat die afgelegde 'n mate van onafhanklikheid moet behou oor die besluite wat hy neem. Welmenende familie wat advertensies oor poste aandra en goedbedoelde raad gee, kan ook baie irriterend wees, terwyl 'n eggenote en kinders hul bekommernis so goed moontlik moet probeer wegsteek. Goeie kommunikasie tussen gesinslede is noodsaaklik om te verhinder dat molshope berge word, sê die psigiater.

Mnr. Redelinghuys sê Suid-Afrikaners het hul as taai en ook aanpasbare mense bewys. Soos mense se werkbenadering in dié tyd van afleggings verander, sal hul selfvertroue verbeter omdat hul beroepslewe en finansiële heil nie langer van die wel en wee van 'n groot organisasie afhang nie.

-*Annelize Slabbert*

*Uit: Finansies & Tegniek, 29 Mei 1992*

**12** Jy is ‘n persoon wat onlangs jou werk verloor het. Skryf ‘n kort briefie van 150-200 woorde aan die briewerubriek van ‘n tydskrif waarin jy kortliks vertel wat dit aan jou menswees gedoen het.

Dui die aantal woorde wat jy gebruik tussen hakies aan. [20]

**13** Jy is ‘n bekende motiveringspreker. Jy is uitgenooi om ‘n motiveringstoespraak te gaan hou vir ‘n groep mense wat afgedank is. Skryf jou toespraak in ongeveer 250 woorde.

Dui die aantal woorde wat jy gebruik tussen hakies aan. [20]